Suidwes open handelstak op Delmas

SUIDWES SE EERSTE VOLWAARDIGE tak in die Hoëveld is tydens 'n uiters suksesvolle geleentheid amptelik op 14 Maart op Delmas geopen.

"In Suidwes se strewe daarna om sy visie uit te leef deur welvaart vir produsente te skep, moet ons kompeterend bly. Daarom is dit belangrik dat ons ons voetspoor vergroot," het Herman van Schalkwyk (HUB) gesê. Hy het ook gesê dat die maatskappy aan boere behoort en dus nie verwyderd gaan raak van boere nie.

"Vir Suidwes gaan dit oor diens en daarom het ons vir Gerrie Lindeque as takbestuurder daar geplaas. Gerrie en sy personeel gaan uit hulle pad om boere te bedien met uitstekende diens en kundigheid. Ons besigheid is in die platteland, maar ons bly nie net in die Noordwes provinsie nie," het Patrick Nelissen (Groep Hoof Operasionele Beampte en HUB: Handel) by die funksie gesê.

Benewens direkteure en hoofbestuurslede van Suidwes het baie boere die aand bygewoon en geleentheid gekry om die indrukwekkende winkel wat Suidwes vir hulle opgerig het, te bewonder. AgriCapital het ook 'n kantoor by die fasiliteit.

Produkte is die aand teen spesiale pryse verkoop en klante het bykans oor hulle voete geval om die winkel van binne te sien en hulle hande op die spesiale aanbiedinge te lê.